

Subkomitee B van die Navorsingskomitee

Oproep vir aansoeke vir volle na-doktorale navorsingsgenootskappe vir 2017

'n Oproep vir aansoeke vir 'n volgende rondte van Subkomitee B na-doktorale toekennings word hiermee gemaak.

Die volgende algemene inligting en prosedures is van toepassing:

- Voltydse, permanente akademiese personeel uit die Fakulteite Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe en Ingenieurswese kan as potensiële gashere aansoek doen.
- Die genootskappe is by voorkeur gemik daarop om na-doktorale kandidate *vanaf ander universiteite of instansies* (binnelands of buitelands) na die Universiteit Stellenbosch te lok. Die finale aanstelling van die kandidaat word deur Subkomitee B goedgekeur. Kandidate, wie hul doktrale kwalifikasie aan die US verwerf het, sal slegs vir befondsing oorweeg word indien die gasheer voldoende bewys kan lewer dat hy/sy 'n redelike poging aangewend het om 'n eksterne kandidaat te lok, maar nie daarin kon slaag om iemand met die nodige agtergrond en vaardighede te werf nie.
- Slegs een Subkomitee B na-doktorale genootskap mag op 'n keer gehou word. Aansoekers wie dus in die vorige rondte sukses behaal het, mag nie weer in hierdie rondte aansoek doen nie.
- Aansoekers mag slegs een aansoek in hierdie oproep indien.
- Toekennings word op grond van akademiese meriete gemaak.
- 'n Genootskap moet opgeneem word binne 6 maande nadat dit aan 'n gasheer toegeken is. Dit is dus noodsaaklik dat alle aansoekers 'n redelike verwagting moet hê dat hy/sy wel in staat sal wees om 'n na-doktorale genoot te in daardie tydperk te werf.
- Na-doktorale kandidate kan slegs een maal deur middel van 'n Subkomitee B na-doktorale genootskap befonds word.
- Die toekenning bedra R200 000 per jaar en mag nog verder deur die gasheer uit eie bronne aangevul word, maar mag nie gesamentlik met 'n ander na-doktorale genootskap gehou word nie.
- Die toekenning sluit nie lopende kostes in nie en dit is die verantwoordelikheid van die gasheer om voldoende lopende kostes vir die volle periode van die genootskap te voorsien.
- Die genootskap word normaalweg toegeken aan die US gasheer vir een jaar, met moontlike verlenging tot 'n tweede jaar. Die besluit om die toekenning tot 'n tweede jaar te verleng, sal geneem word op grond van beskikbare fondse en gedemonstreerde vordering deur die kandidaat.
- Na-doktorale genote moet ook aangemoedig word om by ander bronne, soos die NNS en Claude Leon Stigting, aansoek te doen vir befondsing ter voortsetting van die genootskap na die subkomitee periode.
- Daar sal van gashere verwag word om na een jaar 'n vorderingsverslag en na twee jaar 'n finale verslag in te dien. Indien die kandidaat geen, of besonders min, vordering gemaak het in die eerste jaar mag die komitee besluit om die toekenning te beëindig.

Geskandeerde of pdf kopieë van aansoeke moet per aansoekvorm ingedien word by die Afdeling: Navorsingsontwikkeling (mfouche@sun.ac.za), **teen 10:00 op 28 November 2016.**

Vriendelike groete.

Maléne Fouché
Namens Subkomitee B